BOLAND LANDBOUSKOOL



INLIGTINGSGIDS

INHOUDSOPGAWE

1.	Voorwoord	3
2.	Afwesigheid	3
3.	Ander aktiwiteite	3
4.	Beheerliggaam	4
5.	Boland Landbou Ondersteunersbond (BLOB)	4
6.	Boodskappe by die sekretaresse	4
7.	Deelname aan ko-kurrikulêre aktiwiteite	5
8.	Gastewoonstel	5
9.	Gimnasium	5
10.	Grade-atletiek	5
11.	Handboeke en skryfbehoeftes	5
12.	Kleredrag	5
13.	Klerewinkel	7
14.	Koshuise	8
15.	Koshuisreëls	9
16.	Kultuur	9
17.	Langerug Natuurreservaat	9
18.	Noodhulp	10
19.	O.O.V.	10
20.	Onderriggelde	10
21.	Onderriglokale	10
22.	Personeellys	10
23.	Prysuitdeling en gala-aand	11
24.	Raad van Leerders	11
25.	Skoolkwartale	12
26.	Tuisnaweke	12
27.	Skoollied	12
28.	Skoolreëls	13
29.	Skooltoekennings	15
30.	Snoepwinkel	16
31.	Sportdae	16
32.	Sportfasiliteite	16
33.	Sportsoorte	16
34.	Studie in koshuis	17
35.	Toekomsperspektief	17
36.	Vakkeuses	17
37.	Verhuring van fasiliteite	18
38.	Verwelkoming van nuwe leerlinge	19
39.	Voogstelsel	19
40.	Wasgeriewe	19

1. VOORWOORD

Die oogmerk van hierdie gids is om ouers volledig in te lig rakende alle aspekte van die skool.

Addisionele inligting word by wyse van weeklikse omsendbriewe aan ouers gestuur. Maak asseblief seker dat u weekliks die omsendbrief by u kind kry, of raadpleeg ons webblad.

U kan ook toegang tot die **Communicator** verkry d.m.v. die volgende skakel: www.school-communicator.com. Dit word feitlik op 'n daaglikse basis aangepas met nuus, gebeure, wedstrydbepalings, ens. Ons vertrou dat hierdie gids sal lei tot groter begrip vir die diversiteit van die skool, en u as ouer se taak sal vergemaklik.

2. AFWESIGHEID

'n Opname van afwesigheid word daagliks gedurende die registerperiode gedoen. Siek leerlinge moet by ontbyt rapporteer sodat reëlings getref kan word. Alle afwesigheid moet met mnr Greyling gereël word per sms 082 410 1848.

3. ANDER AKTIWITEITE

3.1 M&F AGRI FEES: Die tradisionele jaarlikse Oesfees vind gedurende die naweek van 20-21 Maart plaas.

3.2 INTERSKOLE

Sedert 1987 vind Interskole twee keer per jaar teen Oakdale Landbouskool plaas, óf die atletiek óf die rugby is roterend op ons tuisvelde. Tot en met 2014 het Boland Landbou met sewentien oorwinnings teenoor Oakdale se nege geseëvier. In 2015 vind dit op die volgende dae plaas.

BOLAND

Tennis:	5 Februarie	Junior + Senior spanne
Krieket:	6 Februarie	0.19A + B en 0.15A + B spanne
Atletiek:	7 Februarie	

OAKDALE

Gholf:	21 Augustus
Rugby:	22 Augustus

3.3 GR. 12-DINEE

Benewens die matriekafskeid, vind daar 'n dinee saam met die ouers en die leerkragte op die matrieks se laaste amptelike skooldag plaas.

3.4 CSV

Die skool beywer hom vir Christelike opvoeding en sluit aan by die visie van die CSV om 'n nuwe generasie na 'n nuwe lewenstyl in Christus te begelei.

Die CSV by die skool beywer en ondersteun aksies waar evangelisasie, dissipelskap (lewensvaardighede), geestelike ondersteuning, dienslewering (uitreike) en versoening vooropgestel word.

Die CSV by die skool bestaan uit die skakelonderwysers, die CSV-bestuur, stylstellers en leerders wat elkeen by ’n kring inskakel. Die kringe vind weekliks plaas en die stylstellers wat die kringe lei, ontvang leiding van ’n plaaslike leraar (Normaalklas).
Die CSV bied ook op ’n gereelde basis Sangaande aan. Kundige sprekers wat deur die CSV genooi word, tree ook dikwels by die skool op. Hier word aktuele temas aangeraak wat opbouend op die jeug inwerk.

Die CSV vorm dus ’n raamwerk waar leerders hulleself kan uitleef as Christen jongmense. Die skool en plaaslike CSV-tak besef sy afhanklikheid van Die Skepper in alles wat hulle doen.

3.5 JUNIOR LANDBOUVERENIGING

Die Junior Landbouvereniging verteenwoordig die landboubelange van leerders by die skool. Verskeie projekte word van tyd tot tyd aangepak.

Landbou-belangegroepe is gevestig en leerders kan by die belangegroepe van hul keuse inskakel. Die groepe sluit die volgende in:
suiwel, beeste, skape, wingerd, pluimvee, wynkunde, graan, jeugskou en tegnologie.

’n Praktiese landbouweek word gedurende die vierde kwartaal aangebied.

4. BEHEERLIGGAAM

	HUIS	WERK	SELFOON
Chris Fourie (skoolhoof)		021 869 8143	082 805 3550
Riaan Broodryk (voorsitter)	021 8641308	021 8645180	083 627 1635
Marius de Jager	021 872 7461	021 871 1191	082 774 5740
Kobus de Kock	021 872 6540	021 865 2455	082 774 1537
Bokkie Evert	021 975 5347		072 982 4948
Malcolm Harris	021 869 8319	021 – 869 8143	072 626 9800
Wilhelm Kroon	021 553 1259	021 425 6971	082 890 8259
Jaco Malan	021 979 2300		082 770 6317
Sarah Roos		021 869 8143	078 377 3364
MC Smith	022 482 2138		082 570 1730
Carl Snyman		021 869 8143	082 852 8980
Cobus van Coller	021 869 8587	021 869 8143	084 624 7393
Hannes van Jaarsveld	021 872 1269	021 872 5227	082 897 7602

5. BOLAND LANDBOU ONDERSTEUNERSBOND (BLOB)

Die koördineerder is mnr Chris Cornelissen Tel. no. 021-869 8143 / 083 453 8966

6. BOODSKAPPE BY DIE SEKRETARESSE

Boodskappe vir leerlinge kan by die sekretaresse gelaat word. Die leerlinge sal tydens pouses geroep word om boodskappe af te haal. Tel. nr. 021-869 8143/5
Leerlinge mag nie tydens die skooldag selfone gebruik nie.

7. DEELNAME AAN KO-KURRIKULêRE AKTIWITEITE

By Boland glo ons dat ’n gesonde liggaam ’n gesonde gees huisves. Leerders word verplig om aan ten minste een aktiwiteit per seisoen deel te neem.
Slegs indien ’n mediese sertifikaat getoon word, sal hy verskoon word.

8. GASTEWOONSTELLE

Huis Nico Malan het 2 gastewoonstelle met slaapplek vir onderskeidelik 6 en 2 persone, toegerus met ys/vrieskas, TV, mikrogolfoond, stort- en toiletgeriewe, handdoeke en linne asook opwasgeriewe. Tariewe en besprekings is beskikbaar by Irma Greyling (Tel. 021-869 8840 / 082 495 1652).

9. GIMNASIUM

Boland Landbou het ’n baie goed toegeruste gimnasium. Dit word deur ’n gekwalifiseerde instrukteur bedryf. Alle grade besoek die gimnasium volgens ‘n bepaalde rooster.

10. GRADE-ATLETIEK

Vind plaas op 23 Januarie 2015. Die kompetisie is tussen grade en dien as ’n belangrike voorbereiding vir die Atletiek-Interskole teen Oakdale wat op Saterdag 7 Februarie plaasvind.

11. HANDBOEKE EN SKRYFBEHOEFTES

Alle skryfboeke en handboeke word deur die skool voorsien as deel van die onderriggeld.

12. KLEREDRAG

12.1 SKOOLKLERE

Somersdrag	-	Wit kortmouhemp met die skoolwapen op die sak
	-	Grys kortbroek / langbroek
	-	Skoolsokkies
	-	Swart toerygskoene – nie aanglipskoene of skoene met gespes nie
	-	Skool oortrektrui
Wintersdrag	-	Wit langmou- of kortmouhemp
	-	Grys langbroek
	-	Skoolsokkies
	-	Swart toerygskoene – nie aanglipskoene of skoene met gespes nie
	-	Skoolbaadjie
	-	Opsioneel: trui onder baadjie
	-	Skooldas
Uitstappies	-	Altyd baadjie en das (Uitsonderings kan met die hoof gereël word)
Sport	-	Rugby: Weg – skoolklere Alle leerlinge moet ’n skoolsweetpak hê
Tuis	-	Skoolklere of sweetpak voor die wedstryd Skoolklere ná wedstryd
Ander	-	Sportdrag tuis en weg

12.2 SPORTDRAG

12.2.1 TENNIS

Oefeninge
- Enige sport oefenbroekie. Indien dit koud is mag hulle met 'n sweetpak oefen.
- Enige sport oefenhemp
- Tekkies

Wedstryde
- Swart Boland-broekie
- Swart sporthempie
- Skoolpet
- Tekkies

12.2.2 GHOLF

Oefeninge
- Chino broek, kort of lank
- Skool se sporthemp(wit)
- Gholfskoene of tekkies

Wedstryde
- Chino broek, kort of lank
- Hemp soos deur die skool voorsien.
- Gholfskoene of tekkies

12.2.3 RUGBY

Oefeninge
- Seuns moet met rugbysokkies en 'n rugbytrui oefen. Geen kort sokkies.
- In die eerste kwartaal mag die seuns met 'n t-hemp oefen aangesien dit nog baie warm is.
- Geen pet mag gedra word nie.

Wedstryde
- Seuns trek skoolklere aan voor en na wedstryde.
- Spanne wat eerste speel mag skoolsweetpakke aantrek. Na hulle gespeel het moet hulle skoolklere aantrek.
- Die enigste spelers wat met skoolklere op die pawiljoen sit, is die seuns wat in die rondte net voor die eerstespan gespeel het.
- Seuns moet ten alle tye met die korrekte Boland Landbou sokkies, broekie en trui speel.
- Alle spanne moet die Boland Landbou swart sporthemp gebruik vir opwarming.
- Kouse mag nie op die enkels wees nie.
- Die rugbytrui moet sover moontlik ingesteek wees.
- Die seuns mag 'second skin' dra maar dit moet swart wees en kortmoue hê. Dit mag nie uitsteek nie.

Proewe (WP O.15, O.16 en O.18)
- Elke seun wat die skool verteenwoordig by 'n WP proewe, moet hulle skoolsweetpak dra.
- Saam met die skoolsweetpak moet die seuns tekkies aantrek. Geen plakkies mag gedra word nie.
- Onder die skoolsweetpak moet die seuns hulle Boland Landbou opwarmingshemp aantrek. Eerstespan spelers kan hulle eerstespan opwarmingshemp aantrek.

12.2.4 ATLETIEK

Oefeninge - Enige sportiewe oefendrag is aanvaarbaar. Daar moet in ag geneem word dat dit gewoonlik warm is tydens oefeninge en sonbrand sover moontlik voorkom moet word.

Byeenkomste - Die nuwe atletiekdrag wat bestaan uit die atletiekbroekie of stywe atletiekbroek en swart atletiekfrokkie, wat te koop is by die klerewinkel is die ideaal. Atlete soos hoogspringers mag die wit gholfhemp van die skool onder die frokkie dra om hul skouers te beskerm.

Atlete is welkom om spykerskoene en wegspringblokke aan te skaf, hoewel dit hul eie voorkeur is.

12.2.5 KRIEKET

Oefeninge
- Die seuns kan oefen met enige sport broekie, sporthemp en kriekethoed of krieketpet.
- Elke seun oefen met tekkies.
- Elke seun is verantwoordelik vir sy eie krieket-toerusting: Kolf, beenskutte, handskoene, helmet en 'ball box'.

Wedstryde
- Elke span in die skool moet met die swart krieketpet speel. Die eerstespan speel met die 'spesiale' eerstespan pet. Hierdie pet is by die klerewinkel beskikbaar.
- Elke seun moet ook met 'n krieket langbroek speel.
- Dit geld vir elke span in die skool.
- Ons probeer jaarliks 'n kriekethemp geborg kry vir elke seun in die skool. Indien daar nie 'n borg is nie, moet elke seun die wit Boland Landbou sporthemp koop wat by die klerewinkel beskikbaar is.
- Die seuns kan speel met tekkies of krieketskoene.
- Elke seun is verantwoordelik vir sy eie krieket-toerusting.

Sportdrag is beskikbaar by die Klerewinkel soos uiteengesit op bl. 6 en 7.

13. KLEREWINKEL

Alle artikels van die leerders moet asseblief duidelik gemerk word. Alle onopgeëiste goedere word te koop aangebied indien dit nie na 'n kwartaal opgeëis word nie.

Die skool bedryf 'n klerewinkel onder beheer van mnr Pierre Schoeman (Pêrel Sport). Alle skool- en sportdrag is beskikbaar.

Winkelure: Dinsdag tussen 17:00 - 17:30.
Saterdae – Tuiswedstryde 09:00 – 11:00
Mnr Schoeman se tel. no. is 021-872 9661/2 of (083 270 5899)

14. KOSHUISE

Hoër Landbouskool Boland beskik oor 'n Junior koshuis vir gr. 8-leerders wat 78 seuns huisves. Mnr en mev Len Conradie is die huisouers.

Die Senior Koshuis, Huis Nico Malan, huisves alle Gr. 9 - 12 leerders. Mnr en mev Ben Greyling is die huisouers. Beide koshuise beskik oor 'n ontspanningslokaal en is met DSTV toegerus. Alle leerders, tans 345, eet gelyktydig in 'n gemeenskaplike eetsaal. Die skool het twee tuisnaweke per kwartaal waar leerders die koshuise moet verlaat. Ander naweke is opsioneel. Die skool sluit daagliks om 13:50, behalwe Vrydae om 13:30. Tuisnaweke sluit die skool om 13:00. Woensdae is daar 'n dorpsbus wat ±60 seuns dorp toe neem.

Siek leerders word middae na die dorp en terug vervoer en in noodgevalle, soos wat die behoefte ontstaan.

Die skool besorg ook leerders op busse of treine indien ouers dit nie kan reël nie. Daar is 'n tarief aan verbonde wat asseblief vooraf inbetaal moet word. Die leerlinge moet die kwitansie aan die busbestuurder toon. Lughawe toe kos R50 per rit en Malmesbury, Stellenbosch, ens. R30 per rit.

Superintendent	Senior Koshuis:	Ben Greyling Sel 082 410 1848
	Junior Koshuis:	Len Conradie Sel 084 513 9488

Superintendente is meeste tye beskikbaar maar nie voor 08:00 in die oggende en tydens etes nie (middag 13:30 – 14:30 en saans 17:30 – 18:30).

<u>Lys van benodigdhede:</u>

- Klere soos op klerelys voorsien
- Beddegoed. Verkieslik 'n paslaken (76 cm breed), duvet en kussing
- Drie slotte (nie kombinasie-slotte nie en ten minste medium grootte) met spaarsleutels
- Bedliggie en spaar gloeilamp
- Penlig batterye vir die kluis
- Handdoeke en toilettoebehore
- Hoed en ou tekkies (plaaswerk)
- Mag 'n radio bring as hy wil (Nie te groot, aangesien ruimte beperk is. Verkieslik nie met los luidsprekers nie)
- Bring materiaal vir die maak van 'n naambord (slegs gr. 8). Karton ± 30 x 30 cm, tou, koki pen
- Die leerling moet ook voorsiening maak vir medikasie wat hy mag benodig. Lig hom asseblief in oor die gebruik daarvan.
  By die superintendent is slegs basiese pille beskikbaar.
- Skootrekenaar word in kamers toegelaat slegs as dit by Mnr Moolman geregistreer is.

- <u>Die volgende word nie in die kamers toegelaat nie.</u>
  * Broodrooster, ketel en dompelaar
  * Verwarmer
  * Yskas
  * TV

15. KOSHUISREëLS

Net ’n paar algemene reëls. Alle detail word op ’n huisvergadering, die eerste Woensdagaand, bespreek.

15.1 Algemeen

Leerders mag in gewone klere huistoe gaan op ’n Vrydag en ook met gewone klere terugkom Sondag. Indien hy Maandagoggend inkom, moet hy sy volledige skooluniform aanhê.

Na ’n tuisnaweek kan leerders Sondagaand inkom vanaf 17:00 tot 21:00 of Maandagoggende vanaf 06:30 – 07:15.

15.2 Vandalisme word in ’n uiters ernstige lig beskou. Indien u seun iets per ongeluk breek, moet dit dadelik by die superintendent of onderwyser aan diens aangemeld word. Dan sal slegs ’n vervangingskoste gehef word. Balspele in die koshuise is heeltemal verbode.

15.3 Koshuisterrein verlaat

Geen leerling mag die terrein verlaat sonder dat die uittekenboek ingevul is en die onderwyser aan diens of die superintendent ingelig is nie. Geen ander leerlinge mag saam met ’n leerling wat toestemming het, gaan nie. Vir enige dringende rede, moet ’n sms aan mnr Greyling gestuur word – 082 4101 848.

16. KULTUUR

CSV
Mnr en Mej Boland
Junior Landbouvereniging
Redenaars / Debat
Toneel

17. LANGERUG NATUURRESERVAAT

Op inisiatief van die vorige skoolhoof, mnr Jannie van der Westhuizen, word 35 ha. natuurlike veld in Januarie 1996 omhein. Kort daarna word die eerste diere nl. twee bontebokke hervestig.

Die Langerug Natuurreservaat is deel van ’n projek om die uitgestorwe Kaapse Kwagga terug te teel. Tans spog die reservaat met vlaktesebras, springbokke, blouwildebeeste, elande, vaal ribbokke en duikers.

Met ’n skenking van Agri-Expo is ’n Buitelugsentrum vir bewaringsopvoeding ook daar opgerig.

Die Natuurreservaat het ’n nuwe era betree met die toetrede van die Rupert Natuurstigting as medeborg. Die aanvanklike 35 ha. is vergroot na 100 ha.
’n 2.2 m. hoë wildsheining is opgerig en ’n dam is gebou. Die Buitelugsentrum se geriewe is verbeter en nuwe wildsoorte, soos blouwildebeeste is ook hervestig. Gedurende September 2001 word die reservaat deur die Wes-Kaapse Ministerie van Grondsake tot ’n amptelike private Natuurreservaat geproklameer.

18. NOODHULP

Leerlinge word aangemoedig om ’n noodhulpkursus te volg om sodoende ’n diens tydens ons rugbywedstryde te verrig. Leerders kan hulle vanaf Vlak I tot Vlak III bekwaam.

19. O.O.V. (Ouer-Onderwyservereniging)

Die O.O.V. word gekoördineer deur ’n klein bestuur en 2 graadverteenwoordigers per klasgroep.

Gereelde vergaderings word gehou waartydens alle beplanning vir die jaar gedoen word. Verkopings op Saterdae word hoofsaaklik deur ’n spesifieke klasgroep hanteer. Ons vra alle ouers om asseblief hiermee te help.

Die O.O.V. is bv. ook betrokke by die jaarlikse Gr. 12-afskeidsdinee en prysuitdeling.

Voorsitter : Philna Koegelenberg (083 550 1424)

20. ONDERRIGGELDE 2015

Skoolgelde : R18 650 per jaar

Losiesgelde : R22 830 per jaar

21. ONDERRIGLOKALE

Hoër Landbouskool Boland beskik oor die volgende fasiliteite:

Drie laboratoriums vir die onderrig van Lewenswetenskappe, Fisiese Wetenskappe en Landbouwetenskappe.

’n Rekenaarlokaal waar Rekenaargeletterdheid aangebied word.

Die skool het ook ’n volledig toegeruste werkswinkel met hout- en metaalwerkmasjinerie.

22. PERSONEELLYS

Hoof: Chris Fourie

Departementshoofde: Cobus van Coller (Lewenswetenskappe/Wiskundige Geletterdheid)
Carl Snyman (Besigheidstudies/EBW)

Personeel: Oloff Bergh (Sportorganiseerder)
Ronél Bernardo (Fisiese Wetenskappe/Wiskundige Geletterdheid)
René Bester Felder (Afrikaans/Engels)
Jeshua Crous (Engels/Lewensoriëntering
Prieur du Plessis (Geografie)
Schoeman du Preez (Landboubestuurspraktyke/Landbouwetenskappe)
Ben Greyling (Koshuishoof/Sportorganiseerder)
Irma Greyling (Rekeningkunde)
Malcolm Harris (Engels)

Marilize Jordaan (Wiskunde)
Johan Moolman (Landboutegnologie/Rekenaargeletterdheid/
Tegnologie/Wiskundige Geletterdheid)
Johan Palm (Landboutegnologie/MSW)
Manie Smit (Landbouwetenskappe/Landboubestuurspraktyke)
Johan van der Merwe (Afrikaans)
Douglas van Blerk (Sportwetenskaplike)
Marlette van Rensburg (Wiskunde)

23. PRYSUITDELING EN GALA-AAND

23.1 GALA-AAND

Sedert 1998 vereer ons ons akademiese presteerders tydens 'n gala-aand. Tydens hierdie geleentheid word die top 5 leerders per graad, saam met hulle ouers en personeel, na 'n spoggeleentheid genooi.

Hierdie geleentheid vind aan die begin van elke jaar plaas, aangesien punte wat leerders in die voorafgaande jaar tydens die Junie-, September- en Novembereksamens behaal het, in berekening gebring word. Die status van die aand word verder verhoog deur 'n geëerde persoon wat as spreker optree.

Vanaf 2002 word 'n gala-aand ook vir buite-kurrikulêre presteerders aangebied. Hier word alle prestasies (provinsiale kleure) wat leerlinge in die skool of buite-sporte behaal het, vereer.

23.2 PRYSUITDELING

Die prysuitdeling is jaarliks een van ons spoggeleenthede. Tydens hierdie byeenkoms word leerders wat op akademiese-, sport- en kultuurgebied uitgeblink het, vereer.

Daar word nie slegs toekennings aan leerders gedoen nie, maar ons gebruik ook hierdie geleentheid om jaarliks persone te vereer vir diens gelewer aan die skool. Oud-leerlinge wat presteer, word ook by wyse van ere-toekennings vereer.

Aangesien baie ouers teenwoordig is, is dit ook die ideale geleentheid vir die skoolhoof om sy jaarverslag te lewer. Hoogtepunte van die aand se verrigtinge is die aankondiging van die beste sportprestasie van die jaar, die Dux-leerling, die matriekraad, koshuisprefekte, hoofseun en onderhoofseun.

Slegs sportprestasies van skoolsporte (m.a.w. waar die skool deur 'n span verteenwoordig word) word hier vereer.

Die verrigtinge word gewoonlik afgesluit met 'n gesellige funksie vir ouers en belangstellendes.

24. RAAD VAN LEERDERS

Hierdie raad bestaan uit 22 lede, drie uit elke graad van gr. 8 - 11, en dan hiermee saam die Matriekraad wat bestaan uit 10 gr. 12-leerders. Hierdie lede word demokraties deur die leerders verkies en hulle neem deel aan belangrike besluitnemingsprosesse en verteenwoordig so die leerders.

25. SKOOLKWARTALE 2015

Eerste kwartaal	:	19 Januarie (opvoeders) 21 Januarie (leerders)	- 1 April
Tweede kwartaal	:	13 April	- 26 Junie
Derde kwartaal	:	20 Julie	- 2 Oktober
Vierde kwartaal	:	12 Oktober	- 9 Desember (leerders) - 11 Desember (opvoeders)

26. TUISNAWEKE 2015

30 Januarie – 1 Februarie
6 – 8 Maart

30 April – 3 Mei
29 – 31 Mei

7 - 10 Augustus
4 – 6 September

30 Oktober – 1 November
13 – 15 November

27. SKOOLLIED

Hef aan die lied van die aarde
van jonkheid in sy krag –
van ons droom en daad en durfmoed
deur die langste dag.
Dit is die lied van ons Boland,
hoog op ons vaandel sy naam;
in ons spel en sorg en ywer,
ons soos een man saam.

Refrein:

Boland, Boland, Boland;
skool vir die hart en die hand.
Hier bou ons vaste karakters
vir volk en vaderland,
vir volk en vaderland!

Heer van die suidsoele somer
en van die winterkou –
leer ons om ook in ons teenspoed
ons kop hoog te hou.
En as U weer met U mildheid
ons vry uit U oorvloed bied,
laat ons U die lof en dank bring
in ons woord en lied.

28. SKOOLREëLS

28.1 Gedragskode:

Die volgende gedragskode moet deur alle leerders voltooi word:

As lojale leerling van die Hoër Landbouskool Boland verbind ek my graag tot die volgende:

- Skooltrots
- Respek
- Hoflikheid
- Eerlikheid
- Verantwoordelikheid
- Netheid
- Die onderwerping aan reëls en gesag
- Die aanvaarding van tugmaatreëls
- Verdraagsaamheid en toegeneentheid teenoor medeleerlinge

Aangesien ek glo dat bogenoemde belangrike boustene van 'n ordelike en beskaafde samelewing is, onderneem ek om ywerig en met entoesiasme my daarvoor te beywer.

28.2 Algemeen

Elke leerling se optrede, houding en gedrag moet altyd onberispelik wees en waar hy ook al gaan, moet hy optree as 'n waardige ambassadeur van die Hoër Landbouskool Boland.

28.3 Voorkoms van Leerlinge

Die voorkoms en kleredrag van leerlinge moet te alle tye gedurende die kwartaal netjies wees. Die hare van leerlinge moet netjies en kort wees.

28.4 Gedrag en Optrede

Daar word 'n hoë premie op stiptelike skoolbywoning geplaas. Indien 'n leerling weens siekte of ander onvoorsiene omstandighede afwesig is, word van ouers verwag om die skool daarvan in kennis te stel.

Die besit of gebruik van tabak, vuurhoutjies, alkoholiese drank, ander dwelmmiddels of aanstootlike leesstof of materiaal word ten strengste verbied.

'n Leerling mag nie 'n medeleerling se liggaamlike of geestelike welsyn benadeel of in gevaar stel nie, en mag nie wapens, speelgoed of enigiets wat liggaamlike besering kan veroorsaak, in sy besit hê nie.

Skooleiendom of enigiets by die skool wat die eiendom van iemand anders is, mag nie beskadig, ontsier of besoedel word nie.

'n Leerling mag nie 'n motor of enige ander selfaangedrewe voertuig op die plaas of skoolgronde bestuur of parkeer nie, behalwe in uitsonderlike gevalle waar verlof alleen deur die skoolhoof toegestaan sal word.

Deelname aan Skoolprogram:
Daar word van elke leerling verwag om aan minstens een somer- en een wintersport deel te neem.

'n Leerling moet deelneem aan die opvoedingsprogramme soos deur die skool voorgeskryf, tensy vrystelling deur die hoof verleen is.

Wanneer 'n leerling hom vrywillig by 'n buitemuurse skoolbedrywigheid aangesluit het, moet hy sy verpligtinge en verantwoordelikhede in verband daarmee stiptelik nakom, tensy hy deur die skoolhoof daarvan vrygestel word.

Geen leerling mag minagting teenoor die Republiek van Suid-Afrika se nasionale simbole of die Hoër Landbouskool Boland se kodes openbaar nie.

Verpligte bywoning van sekere skoolgeleenthede word vereis.

28.5 Die leerlinge se hare: moet kort, skoon en netjies versorg wees
- mag nie aan die kraag van die hemp raak nie
- mag nie die leerling se sig belemmer nie
- mag nie gekleur word nie
- mag nie volgens buitensporige haarstyle gesny wees nie
- geen smeermiddels
- mag nie oor die ore groei nie
- nie geskeer word nie.

Geen bakkebaard word onder die middel van die oor toegelaat nie.

Die leerling se gesig moet te alle tye skoon geskeer wees.

Geen oorbelle, kettings, armbande of ringe van enige aard word toegelaat nie.

Leerlinge se tasse moet stewig wees (nie vissak-tipe nie).

28.6 Gedrag

28.6.1 Leerlinge moet altyd:
- hoflik wees
- ordelik wees
- stiptelik wees
- gehoorsaam wees
- keurige taal gebruik
- eer aan volwassenes betoon (bv. opstaan op terrein)

Leerlinge mag nie
- rook nie
- dwelms gebruik nie
- drank gebruik nie

vandalisme pleeg nie
ander aanrand nie
diefstal pleeg nie
rommelstrooi nie
okkultiese bedrywighede beoefen nie
afwesig van skool of klas
wees sonder toestemming nie
arrogant wees nie
graffiti op banke, mure ens. beoefen nie
neerhalende aan/of opmerkings ("choke") maak nie
met hande in sakke staan of loop nie.

28.6.2 Gange

- Stap aan die linkerkant van die gang
- Dra tas in regterhand (nie links of oor skouer nie)
- Beweeg flink en ordelik
- Beweeg in rye (nie langs mekaar)
- Leerlinge mag nie die hoofgang of hoofingang gebruik nie, tensy onderwyser toestemming verleen

28.6.3 Rye

- Moet stiptelik en flink na en van die rye af beweeg
- Stilte en orde moet in die rye heers
- Staan agter mekaar in ry
- Luister na afkondigings

28.6.4 Klaskamers en Kleedkamers

Laat klaskamers en kleedkamers in 'n netjiese en heel toestand.

28.6.5 Verlaat van skoolterrein

Geen leerling mag die terrein sonder toestemming verlaat nie.

29. SKOOLTOEKENNINGS

Leerlinge word vereer vir prestasies op die volgende vlakke:

- Skoolvlak (Merietetoekenning)
- Provinsiale vlak (Half-kleure)
- Nasionale vlak (Erekleure)

Prestasies op alle terreine van die skoollewe word erken. (Akademie, sport, kultuur, leierskap). Prestasie in buite-skoolsporte word slegs by die sport gala-aand erken.

30. SNOEPWINKEL

Die skool en koshuis beskik oor ’n kontantwinkel wat lekkers, koeldrank, skyfies en roomys aanhou. Dit word deur seuns bedryf en die wins word aangewend vir die leerlinge ten opsigte van ontspanningsgeriewe. Handelstye is tydens skoolpouses, studiepouses asook middae en saans na ete.

31. SPORTDAE

Wedstryde en kompetisies vind gewoonlik op Saterdae plaas met die volgende uitsonderings:

Krieket	Elke dag van die week en Saterdae
Gholf	Maandae
Tennis	Vrydae of soos gereël

L.W. Leerlinge word baie ernstig versoek om in te bly op ’n Vrydagaand voor ’n rugbytuiswedstryd. Uitsonderings moet met mnr Greyling gereël word.

32. SPORTFASILITEITE

- Twee krieketvelde met nege oefennette (2 Turf; 7 Sement)
- Agt tennisbane en twee oefenmure
- Tennisklubhuis met kleedkamergeriewe
- Ses rugbyvelde
- Gras atletiekbaan
- 25 m lengte swembad
- ’n Volledig toegeruste klubhuis met kleedkamergeriewe asook ’n onthaalsaal met ingeboude braaigeriewe.
- Volledig toegeruste kiosk wat die O.O.V. tydens byeenkomste gebruik.
- ’n Toe pawiljoen vir ± 1 000 toeskouers met kleedkamergeriewe.
- ’n Oop pawiljoen vir ± 500 toeskouers.
- Goed toegeruste gimnasium

33. SPORTSOORTE

Sportsoorte:	Somer:	Atletiek
		Krieket
		Tennis
		Gholf
		Jeugskou
	Winter:	Rugby
		Gholf
		Landloop
		Tennis

34. STUDIE IN KOSHUIS

Gr. 8 en 9 2 uur per dag onder toesig.
Gr. 10 – 12 2½ uur per dag onder toesig.

Dit is belangrik dat seuns gereeld sal studeer om toe te sien dat huiswerk te alle tye voltooi is en dat daar deeglik vir toetse voorberei word. Addisionele studietyd tydens eksamens word ingeruim.

35. TOEKOMSPERSPEKTIEF

VISIE
'n Toonaangewende Hoër Landbouskool wat Christelike opvoeding en professionele onderrig by uitnemendheid aan die kind bied – dit impliseer dat die omgewing se behoefte na gebalanseerde gemeenskapsleiers bevredig sal word deur die ontwikkeling van ons leerders se potensiaal deur middel van ons unieke onderrigomgewing.

MISSIE
Om die Hoër Landbouskool Boland uit te bou en te handhaaf as leier in opvoedkundige onderrig deur:

- behoeftegerig te wees in die proses van onderrig en opvoeding in harmonie met die omgewing
- die toepassing van verantwoordbare morele waardes en norme
- die toepassing van gesonde en haalbare bestuurstrukture en norme
- 'n gemotiveerde en gelukkige personeelkorps
- 'n lojale en gelukkige leerderkorps
- 'n finansieel onafhanklike onderwysinstelling
- 'n finansieel sterk en ekonomies stabiele boerdery-eenheid
- samewerking in vennootskap met die privaatsektor
- die optimale benutting van alle hulpbronne

36. VAKKEUSES

<u>Gr. 8 en 9</u>
8 Algemene Leerareas
Landbou
<u>Gr. 10 - 11</u>
Afrikaans Huistaal
Engels Eerste Addisionele Taal
Lewensoriëntering
Wiskunde of Wiskundige Geletterdheid
Fisiese Wetenskappe OF Geografie OF Besigheidstudies
Rekeningkunde OF Lewenswetenskappe (Biologie) OF Landboubestuurspraktyke
Landbouwetenskappe OF Landboutegnologie

37. VERHURING VAN FASILITEITE

37.1 Agri-Expo Buitelugsentrum
Chris Cornelissen (083 453 8966)

37.2 Boland Sentrum
Oloff Bergh (084 620 3981)

37.3 Loubsersaal
Sekretaresse (021 869 8143)

37.4 Rugbystadion en Atletiekbaan
Tennisbane
Swembad
Ben Greyling (082 410 1848)

37.5 Schalk van der Merwe Tennisklubhuis
Ben Greyling (082 410 1848)

37.6 Tariewe:

Agri-Expo Buitelugsentrum:	R1000.00 per funksie (dag of aand) Skoolgroepe: R500 per dag (oornag) R200 ekstra word gevra indien breekgoed gebruik word.
Boland Sentrum:	Min. R5 000.00 per funksie of R100.00 pp
Rugbystadion en Atletiekbaan:	R600.00 per dag
Schalk van der Merwe Klubhuis:	R300.00 per dag
Swembad:	R300.00 per gala R 50.00 per oefensessie
Tennisbane:	R100.00 per baan per dag
Loubsersaal:	R800.00 per funksie
Deposito:	Die volle huurtarief is by bespreking betaalbaar. 50% hiervan sal verbeur word indien kansellasie plaasvind binne 14 dae voor die besprekingsdatum.
Algemeen:	Die skool sal alle fasiliteite wat gehuur word in ’n skoon en netjiese toestand voorberei. Die huurder moet alle basiese opruimingswerk self doen, waarna die skool die finale skoonmaakwerk sal doen.

38. VERWELKOMING VAN NUWE LEERLINGE

Begin die dag voordat die skool in die eerste kwartaal begin en sluit af aan die einde van die eerste week. Dit word hanteer deur die Matriekraad asook 'n paneel van onderwysers.

39. VOOGSTELSEL

Klasonderwysers tree op as voog van 'n klasgroep. Ouers is welkom om met 'n klasonderwyser te skakel oor enige aangeleentheid rakende hul kind.

40. WASGERIEWE

Alle reëlings in dié verband word op die bygaande inligtingstuk vermeld. Die seuns kry elk 'n wasgoednommer aangesien dit sortering vergemaklik. Klere moet dus gemerk word met 'n naam en wasgoednommer.